

VYF FOTOS VAN ONS VRYGEWIGGE GOD

saam-praat-papier 2 Nov2014

1Kn 3:4-5 Koning Salomo het na Gibeon toe gegaan om daar te offer, omdat die vernaamste hoogte daar was. Salomo het op daardie altaar duisend brandoffers gebring. (5) Daar in Gibeon het die Here die nag in 'n droom aan Salomo verskyn en vir hom gevra: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou gee?"

Mat 7:11 As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?

Mat 20:15 Mag ek dan nie met my geld maak wat ek wil nie? Of is jy afgunstig omdat ek goed is?'
Lees Mat 20:1-15

Jak 1:17 Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.

Efs 1:3-8 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. (4) So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. (5) In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. (6) Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. (7) Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God (8) wat Hy in al sy wysheid en insig so oorfloedig aan ons geskenk het.

Saampaat

1 Watter foto van God se vrygewigheid raak jou die meeste ?

2 Watter geskenk het God jou gegee die afgelope jaar waarvoor jy dankbaar is ?

